

Ons word 'n gestuurde (“missionale”) gemeente. - Deel 2.

Om 'n gestuurde gemeente te wees beteken om die verrotting en verdwaaldheid van die wêreld teen te werk. Ons gestuurdheid gaan daarvoor om op 'n *praktiese manier kerk wees uit te leef* ten einde ons roeping te vervul en 'n verskil in die wêreld te maak.

Jesus sê in Matteus 5:13-16: *“Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit. Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”*

In bybelse tye is sout onder andere gebruik om kos van bederf te bewaar. (*Hulle het nie yskaste en vrieskaste gehad nie!*) Ons is die kerk in 'n wêreld waar sonde, onreinheid, ongehoorsaamheid en geestelike dood die lewens, huwelike en gesinne en die gemeenskap verwoes. Geestelike dood is ook die kerk se vyand nommer een *wanneer dit ons getuienis vernietig en ongeloofwaardig maak wanneer ons oor die triomf van die heilige Seun van God getuig.*

Om die sout van die aarde te wees, is om die wêreld van verrotting te bewaar deur die Evangelie uit te leef en mee te deel, omdat ons in Christus geheilig is.

Hierdie selfde wêreld, het ook verdwaal.

As die krag af is loop ons teen ons eie meubels vas, soek na 'n flits of vuurhoutjies en word bang vir die gevare wat in die donker skuil.

Christus Jesus is die lig van die wêreld. Sy Gees laat sy lig deur ons skyn sonder enige risiko van “geestelike beurtkrag” wat ons impak in 'n donker wêreld kan steel.

So het ons ook die lig van die wêreld geword. Ons woorde en getuienis, en nog meer belangrik ons lewe, diensbaarheid, omgee, uitreik na hulle wat buite staan en ons voorbeeld is 'n lamp op 'n staander wat 'n verdwaalde, korrupte wêreld uit die verwarring kan lei en van die gevare van dwaasheid en verwoesting baie lewens, gesinne, gemeenskappe en 'n land kan red.

Die “Lig”, Jesus Christus self, red die ongelowige van 'n lewe en 'n ewigheid sonder God.

Daarom moet ons met fokus en toewyding die ware Lig voor die mense laat skyn. Kom ons word die kerk wat die verrotting beëindig en die GPS word vir 'n wêreld wat in vrees lewe omdat hulle rigting verloor het en daarom nie meer die lewensfees kan vier nie.

Kom ons herstel doelgerigtheid, blydskap, feestelikheid, vrede, ontferming en liefde!

“Laat ons skyn vir Jesus met 'n helder glans!”